# Gebedsbulletin
# No. 23 van 2023

## 04 June 2023

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Jou lewe word nie gebou in jou eie fabriek nie

Jy is nie die argitek van jou eie lewe nie. Jy het nie al jou lewensplanne eiehandig ontwerp nie. Jy het ook nie jou lewe in jou eie fabriek aanmekaar gesit nie. Nog minder speel jy gedurig eienaarbouer, wat leef soos wat dit jou pas. Jy is hier op aarde weens God se genade. Jy is hier omdat Hy dit so wil. Daarom vertrou jy jouself gedurig toe aan Sy Gees as bouer en as binnehuise versierder van jou lewe. Jy bou jou lewe dag vir dag op die Here as jou Rots, soos wat Jesus in Matteus 7 leer.

Jou lewe het een groot doel en dit is om God te verheerlik. So skryf Paulus in Kolossense 3. Daarom leef jy nooit met oordadige selfversekerdheid nie. Jy sê graag saam met Jakobus 4:15: "As God wil en ek leef, dan sal ek dit of dat met my lewe doen." So klink 'n goedgeleefde lewe. So klink 'n leefwyse, wat gedurig die regte aanpassings maak aan al die planne, wat jy vir jou eie lewe in gedagte het. Nog meer, so 'n nederige leefwyse voor God vervang altyd jou eie planne. Dit laat die Here se plan in jou lewe wen.

***deur Stephan Joubert***

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Marinda Jordaan
Ria Putter
Maria Steyn
Sampie Swart
Annika Kilian
Monty Pienaar
Ina van der Merwe
Jaco Steenkamp
Stefaans du Plessis
Oom Stoffel Reynders
Oom Cedric Wiegand
Leonie Kruger
Petrus Venter
Sumari Pretorius
Heleen Lamont
Benny Janssen
Jillian Jansen

**JAKOBUS 4:13-17 AFR83**
Kom nou, julle wat sê: "Vandag of môre sal ons na dié en dié stad toe gaan en 'n jaar lank daar bly; ons sal sake doen en geld maak." Julle wat nie eers weet hoe julle lewe môre sal wees nie! Julle is maar 'n damp wat 'n oomblik verskyn en sommer weer verdwyn. Julle moet eerder sê: "As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat doen." Maar nou is julle te seker van julleself en praat julle groot. Al sulke grootpratery is verkeerd. As iemand weet wat die regte ding is om te doen en hy doen dit nie, is dit sonde.

***Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .***
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN




## *Gedagte vir die week*




Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in